DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

7/2025 28 Februarie 2025

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Opedag vir gr. RR, R en 1
2. Pretstap
3. D6 Connect-toepassing
4. Atletiek
5. Tennis
6. Krieket
7. Swem
8. Skoonste klasse
9. Personeelverjaardae
10. Skooltye
11. Skoolfonds

"The moment you take responsibility for everything in your life is the moment you can change anything in your life." **Hal Elrod**

Afrikaanse idioom van die week

Iemand wat balke saag: *Iemand wat snork.*

2025 SKOOLKWARTALE

1ste: 15 Januarie – 28 Maart
2de: 8 April – 27 Junie
3de: 22 Julie – 3 Oktober
4de: 13 Oktober – 10 Desember

UIT DIE KAJUIT

Verantwoordelikheid. Ons het hierdie week met 'n nuwe waarde begin, nl. verantwoordelikheid. In kort beteken dit dat jy elke dag doen wat jy moet doen. Ek kyk vandag daarna uit 'n ander hoek! Die vraag ontstaan baie keer: hoekom party mense suksesvol is en ander nie? Een rede hoekom sommiges nie suksesvol is nie, is dat party mense hulleself jammer kry. Hulle neem as't ware 'n slagoffermentaliteit aan. Dit beteken dat ander mense of hul omstandighede die skuld kry vir hul optrede of dat hulle sekere dinge nie kan doen of bereik nie. Na my mening lê die verskil tussen suksesvolle en minder suksesvolle mense daarin dat suksesvolle mense eerstens tevrede is met die talente wat hulle van God ontvang het. Tweedens werk hulle baie hard om hierdie talente te ontwikkel ten spyte van dit wat met hulle gebeur, wat ander mense doen of die materiële dinge wat hulle nie het nie. Laastens het suksesvolle mense 'n innerlike begeerte om hul eie potensiaal te bereik en sal nie toelaat dat enige iets of iemand in hul pad staan om dit te bereik waarvoor hulle glo hulle bestem is nie. Die volgende is raad wat ons kan volg en ook aan ons kinders moet oordra: Jy het dalk nie beheer oor jou omstandighede nie, maar jy het definitief beheer oor hoe jy optree onder jou omstandighede. Hoe goed jy in die lewe gaan doen en hoe ver jy gaan vorder, gaan van jouself af hang. As jy sit en wag dat iemand anders dit vir jou gaan doen, gaan dit nie gebeur nie. So, moenie ander mense blameer nie, wees tevrede met wat jy het en neem verantwoordelikheid vir dit wat in jou lewe gebeur! Mooi naweek! *(sien die plakkaat van verantwoordelikheid onderaan die nuusbrief)*

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Opedag vir graad RR, R en 1 van 2026 – 8 Maart

Ons Opedag vind op **Saterdag, 8 Maart 2025 vanaf 09:00 – 11:00** plaas. Alle voornemende graad RR, R en 1 ouers en leerders van 2026 word uitgenooi. Stuur ook asb. vir u vriende en kennisse aan (sien die advertensie onderaan). Aansoeke vir 2026 open op 11 Maart op die WKOD-stelsel *(sien die inligting onderaan).*

2. Pretstap – 15 Maart

Die OOV is hard aan die werk en organiseer vir ons jaarlikse Pretstap. Dit vind op Saterdag, 15 Maart plaas. Kyk uit vir die inligting van al die aktiwiteite wat daardie dag beplan word. Ons sien uit om u almal by die Pretstap te sien.

3. D6 Connect-toepassing

Om kommunikasie by die skool te verbeter is ons besig om oor te skakel na die *D6 Connect*-kommunikasiestelsel. **Ons wil graag aan die begin van die 2de kwartaal die stelsel ten volle benut.** Laai asb. die toepassing *(App)* vanaf u foon of rekenaar se *Play store* af en kies Laerskool Park as u skool van keuse. Maak asb. seker dat u die korrekte skool kies. ***(Sien die advertensie met die skakel (link) onderaan)***

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.parklaerskool.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 3 Mrt: Klasfoto's
Di, 4 Mrt: Tennis vs Volschenk
Wo, 5 Mrt: Krieket vs Erika
Vr, 7 Mrt: Wêreldbiddag vir vroue
Gr. R atletiekdag
o/13 netbal (Langenhoven)
Sa, 8 Mrt: Opedag – Gr. RR, R en 1
Wes-Kaap atletiek (Paarl)
o/13 netbal (Riversdal)
So, 9 Mrt: Doxa Deo aand (Leiers)

Adverteer in *Die Skippertjie*

R100 per plasing per week. Advertensies word in A4-grootte onderaan die nuusbrief geplaas. Kontak vir Anneke Harmse om die betaling te reël. Advertensies kan aan juf. Karen by 060 7212 192 gestuur word. Advertensies moet in JPEG-formaat gestuur word.

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park Skoolfonds
Bank: First National Bank (FNB)
Rekeningnommer: 62035 761 081
Takkode: 210-314
Verwysing: Kind se naam, van en graad of toelatingsnommer

4. Atletiek

Tydens die Eden-byeenkoms het ons atlete weer puik gevaar en die volgende atlete dring na die Wes-Kaap Kampioenskappe deur op 8 Maart te Paarl (posisie in hakies):

Miané Schutte: 75m Hekkies (1), 150m Hekkies (1), Diskus (1) (rekord)
Mia Rossouw: Hoogspring (2)
Milan Kotzé: Gewigstoot (2) en Diskus (2)
Miguel Prins: Hoogspring (1) (ewenaar rekord), 100m (2), 80m Hekkies (1), 200m Hekkies (1)
Jordan Sydon: 100m (1), 80m Hekkies (2) en Verspring (1) (ewenaar rekord)
Daniël Laufs: Spiesgooi (2)
Liam Herbst: Gewigstoot (3)

Baie geluk aan die atlete en baie sterkte vir die Wes-Kaap Kampioenskappe.

5. Tennis

Die spelers het hierdie week teen Curro en Laerskool Vorentoe gespeel. Die wedstryde kon ongelukkig nie afgehandel word nie as gevolg van die weer.

6. Krieket

Uitslae van die krieketwedstryde teen Laerskool Outeniqua was as volg:

- o/13A wen met 6 paaltjies
- o/11A verloor met 9 paaltjies.

100% Parkies

7. Swem

Uitslae van die Loerie-aflosgala te George-Suid was as volg:

- Dogters o/8: Rugslag 3de, Vryslag 3de
- Dogters o/10: Borsslag 3de
- Dogters o/11: Borsslag 3de, Vryslag 3de
- Dogters o/12: Vlinderslag 1ste, Rugslag 1ste, Borsslag 1ste, Vryslag 1ste ***(Mooi!)***
- Dogters o/13: Borsslag 1ste, Vlinderslag 2de, Vryslag 3de, Rugslag 3de
- Seuns o/10: Borsslag 3de

Algeheel eindig die Parkies in die 4de plek. Baie geluk aan al ons swemmers.

8. Skoonste klasse

Baie geluk aan die volgende klasse wat hierdie week se kompetisie gewen het:

- 1ste – 6E
- 2de – 6K
- 3de – 4B

9. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 6 Maart: Chantelle van Zyl

Mag u 'n geseënde jaar beleef.

10. Skooltye

Skooltye is as volg:

- Graad RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2, 3 en HBK: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4 – 7: 07:30 – 14:00 (Vrydae – 13:15)

11. Skoolfonds

Ouers moet asb. seker maak dat skoolfonds op datum betaal word (maandeliks of kwartaalliks). Skoolfonds vir 2025 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7: R13 200**
- **Graad R en RR: R13 500**

Ouers wat skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5%-korting op die jaar se skoolfondsrekening. (Sien die bankbesonderhede langsaan)

Laerskool Park
Graad RR, R en 1
Inloop Opedag

8 Maart 2025

09:00 - 11:00

Plek: Skoolsaal

Kom skryf u kleuter in vir 2026
en raak deel van die Park familie.

IS JY AL GEREGISTREER?

Ons herinner u daaraan om voor die einde van die eerste kwartaal op die d6-CONNECT toepassing te registreer.

Vanaf die tweede kwartaal sal alle skoolkommunikasie slegs op d6 plaasvind.

Laai die d6-CONNECT toep af en registreer so gou as moontlik om op hoogte te bly van belangrike nuus.

PARK
VOLHARD - PERSEVERE

100% Parkie

Western Cape Government
FOR YOU

Don't Wait!

11 March to 15 April 2025

Get ready for the 2026 school year.

Apply for admission before the deadline!

Apply online at
westerncape.gov.za/education

Transfers Grade 2-7 & Grade 9-12: 4 - 18 August 2025

Vrae wat dikwels gevra word

1 Hoe doen ek aansoek om toelating tot 'n openbare skool vir my kind?

- Skole bepaal plasings deur hul eie toelatingsbeleid uit te oefen en toe te pas, wat in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, (Wet 84 van 1996) behoort te wees. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) kan nie plasings by skole van ouers se voorkeur waarborg nie.
- Doen vroegtydig aansoek. Moenie tot op die laaste dag wag nie.
- Ouers/voogde/versorgers moet by ten minste drie skole aansoek doen, insluitend die skool naaste aan hul woning.

2 Wat is die toelatingsouderdom vir graad R en graad 1?

- Verpligte skoolgaande ouderdom vir toelating tot graad 1: 'n Kind moet in die graad 1-jaar sewe jaar oud word.
- Toelatingsouderdom vir graad R: 'n Kind moet in die graad R-jaar ses jaar oud word.

3 Watter dokumente word benodig om aansoek te doen om die toelating van 'n kind by 'n openbare skool?

Gewaarmerkte afskrifte van die volgende dokumentasie word vereis:

Vorm van identifikasie. Enige van die volgende sal aanvaar word)

- Identiteitsdokument/geboortesertifikaat (leerder).
- Buitelandse leerders: 'n paspoort/ouers/voogde/versorgers se vlugteling- of asielsoekersvisum waarop die leerder se naam moet verskyn.
- Indien 'n leerder van buitelandse ouers/voogde/versorgers in Suid-Afrika gebore is: 'n handgeskrewe geboortesertifikaat (DHA 19-vorm).
  Indien 'n leerder nie in Suid-Afrika gebore is nie: paspoort/vlugteling- of asielsoekersvisum wat in die leerder se naam uitgereik is.

Immuniseringkaart (Road to Health Chart) van die leerder (slegs op primêre skole van toepassing).

Laaste amptelike skoolrapport/ akademiese rekord met uitslae van die leerder.

Bewys van verblyf (diensterekening/ huurooreenkoms/beëdigde verklaring wat by 'n polisiestasie afgelê word wat verblyf bevestig).

Indien stawende dokumente NIE BESKIKBAAR IS NIE/ONTBREEK: **'n beëdigde verklaring** van die Suid-Afrikaanse Polisiedienste **moet by die aansoek ingesluit wees.**

4 Kan 'n kind toelating geweier word as hulle nie in 'n skool se voederarea woon nie?

Die WKOD het geen voedersones toegeken nie.

5 Kan skole "registrasiegeld" hef voordat 'n leerder aanvaar word?

Nee. Skole mag geen gelde hef voordat 'n leerder aanvaar is nie.

6 Hoe doen ouers/voogde/versorgers aansoek om toelating?

Ouers doen aanlyn aansoek via die volgende skakel: **westerncape.gov.za/education.**

Neem asseblief kennis dat ALLE navrae oor jou kind se aansoek via die WKOD se aanlyn toelatingstelsel gedoen moet word.

Verantwoordelikheid begin by jou!

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

VERANTWOORDELIKHEID

"Wat ook al jy besluit om te doen, wees seker jy is trots daarop."

~Walt Disney ~

100% Parkie

WEES WAARDE WENNERS